# E. Leroux het 2 ideale vir S.A. prosa

**Spesiale Verteenwoordiger**

KOFFIEFONTEIN.

„DIE skrywer moet skryf oor probleme wat voorlê. Hy moet hierdie probleme behandel voordat hulle byvoorbeeld in die politiek opgeneem word. In dié sin kan die roman wel profeties wees."

Só sê Etienne Leroux, wenner van die Hertzogprys vir prosa (1964) vir sy roman **Sewe Dae by die Silbersteins.**

Leroux beskou die toekenning as 'n belangrike deurbraak vir die jonger skrywers in die Afrikaanse letterkunde, en hy gee die Suid-Afrikaanse Akademie krediet daarvoor dat hy kennis geneem het van die vernuwing.

Oor sy prestasie sê hy net: „Ek voel geëerd, gevlei, eintlik 'n bietjie bang".

Leroux het nog een groot ideaal as skrywer: hy wil 'n tragiese roman skryf. Vir die Afrikaanse letterkunde het hy twee ideale: 'n roman wat die tragiese situasie van die blanke in die Republiek uitbeeld, en 'n werk wat 'n groot satire op ons tyd is.

**BLANKE**

Volgens Leroux is heelwat werke al geskryf oor die nie-blanke in Suid-Afrika. Hy sal egter graag 'n groot werk wil sien oor die posisie van die blanke. Hy meen so 'n werk kan die buiteland 'n baie beter insig gee in die blanke se stryd hier as die baie feitelike inligting wat oorsee gestuur word.

Lerouv het verwys na die Amerikaanse Neger Ralph Ellison se roman **The Invisible Man,** wat handel oor die vraagstukke en stryd van die V.S.A. se Negers. Só 'n werk wil hy in Suid-Afrika sien, met die blanke as onderwerp.

Leroux het gesê met sy verowering van die Hertzogprys word die vernuwing in die Afrikaanse prosa ná die Tweede Wêreldoorlog amptelik erken. Hierdie stap behoort 'n groot aanmoediging te wees vir die jonger skrywers aangesien hulle nou weet hulle kan ook die hoogste letterkundige pryse verower.

Leroux het gesê die Afrikaanse roman het sy agterstand met betrekking tot die romankuns in Europa ingehaal, en die groot toets vir ons prosaskrywers lê nou voor.

Hy meen die Afrikaanse en die Europese prosaïste skryf nou skouer aan skouer. Nou kan die Afrikaanse romankuns op eie houtjie voortgaan om ongekarteerde weë te baan.

Die vroeëre romankuns in Suid-Afrika was hoofsaaklik lokaal-realisties, met 'n sterk verlange na die plaaslewe daarin. In die afgelope dekade of twee het daar egter 'n groot aksentverskuiwing gekom. Daar is 'n nuwe uitbeelding van die mens. Die skrywer probeer uitvind wat die funksie van die mens is. Hy vra veral: Wie is ek? (die mens).

**IMMOREEL**

Die skrywer se terrein is vandag veel breër as vroeër, en die klimaat waarin hy skryf baie vryer. Terselfdertyd begin die Afrikaanse leser meer belang te stel in die letterkunde. Dit het die atmosfeer geskep waaarin die eksperimentele prosa nugter beoordeel kan word.

Leroux meen die sogenaamde „jonger skrywers" in Suid-Afrika is baie eerlik in hul werk. Hulle is nie sensasieskrywers nie, en wil ook nie immoreel skryf nie.

(Leroux word self gereken onder die jonger groep, wat skrywers soos André P. Brink, Jan Rabie, Bartho Smit, Abraham H. de Vries en Chris Barnard insluit.)

**WEGGEBREEK**


Volgens Leroux het elk van dié skrywers feitlik op eie houtjie weggebreek van die tradisionele Afrikaanse romankuns. Hy meen die vernuwing is veroorsaak deurdat baie van dié manne vroeg gaan reis het. Heelwat van hulle was in Parys.

Oorsee het hulle kennis gemaak met die moderne Franse letterkunde en ook die eksperimentele werke in ander tale.

Leroux erken hierdie invloed, maar hy meen die Afrikaanse skrywers het dit verwerk en oorspronklik daarmee geskep. „Immers, in Suid-Afrika kry ons in die kleine dieselfde probleme as elders".

Die ander rede vir die vernuwing is die meer vryhede wat die Afrikaanse leserspubliek die skrywer deesdae gun.

DIE VOLKSBLAD, SATERDAG 30 MEI 1964



Só lyk die hoekie in sy studeerkamer waar Etienne Leroux sy werke tik. Hy sê hy kan op geen ander plek in die huis skryf nie.

Leroux kla dat dit soms koud word in die winter in die studeerkamer.